Soutpansberg
BONSMARA

JMB Bonsmaras | Pierre Burger Boerdery | JD Venter Bonsmaras | NuAshton Boerdery | André & Martie Naudé

# 2023 PRODUKSIEVEILING

## 13 OKTOBER, 11:00, PLAAS DE RUIGTE, VIVO

GPS: 23°02'15.92" S & 29°17'03.05" O

**25 Top Hard geselekteerde Bonsmara Bosveld Bulle**

**250 Vroulike Bosveld Bonsmara diere (alle produksiestadia)**

(Hartwater, Rooiwater, Galsiekte)

*Aanbod onderhewig aan verandering




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Louis vd Walt** | 082 411 0796 | **Mynhardt Botha** | 073 156 9520 | **André Naudé** | 082 781 7249 |
| **Bouts Botha** | 082 339 2471 | **Pierre Burger** | 082 452 3707 | **Mark Baker** | 076 502 4980 |
| **JD Venter** | 079 129 7006 | **Frikkie Roux** | 082 464 1718 | **Niel Swart** | 082 554 3070 |

ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehawe Afslaers & Eiendomsagente
Livestock Auctioneers & Estate Agents

MEERKAT ONLINE AUCTIONS




Dik gladde haar bul. Goeie verdonkering op nekvel. Baie goeie middelstuk met voor en agterkwart. Reguit testis en kort skede. Goeie hoewe. Syfergewys; 'n koei bul met bo-ras gemiddeldes. Sy vaar BBP140233 was ge-KI uit FCT00-65. FCT en BBP14-233 het vir ons baie goeie vroulike diere geteel. Aan moederskant stam hy uit AG11-115, sy was een van A.G. se top 20 koeie. Drie van BBP20-114 se grootvaders was bekende K.I. bulle. BBP20-114 is half broer van Lot 4 BBP20-14 en Lot 13 BBP20-152. Vrugbare vervangings verse behoort deur Lot 1 geteel te word. 'n Baie sterk en trotse bul.




'n Dik, breë, gladdehaar bul. Hy is Poena. Donker vel, neusspieël met donker pigment op die regte plekke. Beslis 'n bul wat op verse gebruik kan word met 'n melk indeks van 9.8, d.w.s. sy vroulike aanteel sal teruggehou kan word vir aanteel. Sy stamboom spruit ook uit die beste kuddes in die land, nl. LAR, CSW, BHE, RCO, HOT, waaruit sy poena gene kom. Uitstekende moeder met kalf indeks van 102/8 kalwers. 'n Regte bakgat bul waar van ons 'n saad aandeel behou.




Halfbroer van Lot 8 BBP20-251, Lot 15 BBP20-228, Lot 20 BBP20-162 & Lot 23 BBP20-201. Baie mooi bul, breed van voor tot agter oor die rug. Goeie skof, baie goeie donker gladde vel met lekker los nekvel. Goeie kloue, skede en testis. Volgens sy syfers 'n versbul met bo-gem. vrugbaarheid, koei waarde, groei en karkas waarde. Sy vaar het vir ons kudde baie goed gedoen & daarom kan ons 5 van sy seuns aanbied op vanjaar se veiling. Ons gebruik tans nog 3 van sy seuns in ons kudde. Aan moederskant ook onverbeterlik, 9 jaar oud met 7 kalwers en interkalf periode van 357 dae. Sy sal ook op die veiling aangebied word as "Goue Oues". Vir ons verseker ook 'n gunsteling.




Halfbroer van Lot 1 BBP20-114 & Lot 13 BBP20-152. Hulle vaar BBP14-233 was ge-KI uit FCT00-65. BBP14-233 het uitstekende verse geteel vir ons kudde. BBP20-14 is 'n lang donker bul. Goeie skof, los nekvel. Breë kop wat oor sy rug strek tot agter op sy heupe. 'n Prentjie mooi bul wat sy stempel sal afdruk op sy nageslag, veral op sy vroulike nageslag, aangesien sy syfers daarop wys met sy maternal (melk) van 5.7, vrugbaarheid 117, onderhoud 100, groei 163, wat ook die hoogste van alle bulle op die veiling is. Sy moeder spog ook met 'n speen indeks van 105/5 kalwers & word vanjaar op dieselfde veiling te koop aangebied as deel van ons "Goue Oues", waar al ons 2014 koeie aangebied word. Een van die gunstelinge op die veiling. Ons behou 'n saad aandeel.




Halfbroer van Lot 26 BBP20-161 & Lot 16 BBP18-90. 'n Dik, breë en lang bul wat baie vleis dra. Gladde donker vel. Kort skede, goeie kloue, reguit testis. Hy behoort ordentlike speenkalwers te teel, die res van sy syfers is bo ras gemiddeld. Sy stamboom bestaan ook uit die van die beste kuddes in die land. Vier van sy voorvaders het ons in ons kudde gebruik. Dit is 'n bewys van vertroue wat ons in die gene het. Sy halfbroer Lot 16 BBP18-90 was ook een van ons kuddevaars en teel 'n barshou. BBP20-191 sal dit ook doen, ongetwyfeld.




Lang, breë, donker bul. Goeie skof, los nekvel, breed tussen die oë, reguit toplyn. Lang stert met goeie stert aanhegting. Kloue, testis en skede is in plek. Syfers is deur die bank bo gemiddeld. Sy stamboom bevat dan ook van ons oudste gene waaruit die kudde ontstaan het. 'n Trotse bul en toonbeeld van die tipe diere wat ons graag wil teel en mee wil boer in die Bosveld. 'n Aanwins vir enige kudde. Ons behou 'n saad aandeel.




'n Dik, breë en goed bespierde bul. Goed in verhouding bul met baie diepte. Testis aanhegting goed, asook kort skede. Hoewe is sterk. Sy vaar CRV14-59 het vir ons goed gedoen in die kudde. Sy halfbroer BBP19-93, behaal die topprys gedurende ons 2022 veiling. Wat BBP20-92 aan moederskant betref het hy 'n dubbel dosis van AG98-338, daarom die goeie bouvorm van die dier. Hy behoort te teel soos hy lyk. Gebruik hom op koeie wat reeds gekalf het. Goeie melk syfers.




Halfbroer van Lot 3, Lot 15, Lot 20 & Lot 23. Donker diep en breë bul. Gladde haar en los nekvel. Sterk kloue. Netjiese stert aanhegting. Kort skede & reguit testis. Die bul dra baie vleis. Sy vaar BBP16-275 (Sien Lot 3 beskrywing). Sy moeder stam uit FCT00-65 en PTF03-57 (Mockford), beide wat seker die mooiste vroulike diere geteel het by ons. Sy moeder kalf elke 357 dae, 8 jaar oud 6 kalwers met kalf indeks 103/6. Uitstekende koei. BBP20-251 se syfers is deur die bank bo- gemiddeld en kan op verse gebruik word. Groot gunsteling.




Halfbroer van Lot 17 BBP20-151, Lot 18 BBP20-247 & Lot 22 BBP20-222. Lang donker bul, breed tussen die oë met baie breedte oor die rug. Hy staan mooi vierkantig in sy spore as jy hom van voor bekyk. Reguit testis, kort skede & sterk kloue. Syfers is ook sterk. Sy speenkalf waarde is 142, die hoogste van die bul aanbieding. Gebruik hom op koeie. Hy self speen by die 300kg. Hy behoort goeie speenkalwers te teel met vrugbare verse wat jy kan terughou vir aanteel. Stam uit Bristow, EI, WAT, NFS, JMP en AG. Moeder kalf indeks 110/3, TKP 380 dae.




Halfbroer van Lot 11 BBP20-187. 'n Lang, diep en breë bul. Donker vel en pigment. Los nekvel. Sterk kloue. Kort skede en reguit testis aanhegting. Lang stert met netjiese aanhegting. Hy dra baie vleis. Syfers wys hy het 'n hoë melk indeks van 5.0; hoë groei en karkas waarde. Sy vaar het vir ons ook goed gedoen in die kudde. Baie goeie stamboom.




Halfbroer van Lot 10 BBP200139. Donker, sterk, breë bul met donker pigment, baie goeie vel en haar. Reguit toplyn, lang stert. Skrotum reguit, kort skede en sterk kloue. Syfers wys goeie melk indeks. Behoort goeie speenkalwers te teel met vrugbare verse wat teruggehou kan word. Gebruik op oop koeie. Stamboom getuig ook van die beste kuddes in die land. Vir ons 'n baie mooi bul.




Een van ons kuddevaars. Hy is 'n donker lang en diep bul. Sy kallers is vir ons ook bo-gemiddeld teenoor die res. Sterk kloue, kort skede en reguit testis. Hy dra baie vleis. Ons praat al lank oor FCT00-65, sy vaar, BBP18-03 staan nie terug vir sy vaar nie. Die gene wat pigment verlang in hulle kudde sal nie hierdie bul ongesiens laat verby gaan nie. Goeie syfers deur die bank.




Halfbroer van Lot 1 en Lot 4. (Sien beskrywings van Lot 1 en Lot 4). BBP20-152 is ook 'n lang, donker gladdehaar bul met alle eienskappe van sy half broers. Sy syfers is ook alles bo ras gemiddeld. Aan moederskant stam hy uit die alombekende AG98-338. BBP20-152 kan op verse gebruik word. 'n Baie trotse bul.




Halfbroer van Lot 3 BBP20-161, Lot 8 BBP20-251, Lot 20 BBP20-162 en Lot 23 BBP20-201. 'n Diep, lang en breë bul wat baie vleis dra. Donker gladde los nekvel met goeie stert aanhegting. Syfers toon 'n bo-gemiddelde bul reg deur die bank. 'n Mooi bul wat die oog vang.




Kuddevaar: 'n Lang, donker, breë bul wat met sukses gebruik is in die kudde. Sterk kloue, kort skede, reguit testis. Goeie skof, breed tussen die oë, lang stert. Syfers ook bo-gemiddeld deur die bank. Gebruik hom op oop koeie. Te swaar vir die verse, alhoewel sy syfers wys dat hy geskik is vir verse. Sy kalwers se gemiddelde geboorte gewig is 35kg. Hy stam ook uit van die beste genetika.




Halfbroer van Lot 9 BBP20-182, Lot 18 BBP20-247 en Lot 22 BBP20-222. 'n Donker, lang bul met trotse houding. Goeie syfers ook deur die bank. Stamboom aan weerskante kom uit Bristow se twee beste bulle. Vrugbare moederlyne. Hy behoort goeie vrugbare nageslag te teel.




Halfbroer van Lot 9 BBP20-182, Lot 17 BBP20-151 en Lot 22 BBP20-222. Dit is 'n diep, lang, donker bul. Breed oor die rug met 'n gladde los vel. Syfers bo ras gemiddeld. Vrugbare moederlyne. Voorvaders ook Bristow se bestes. Behoort sy stempel af te druk in enige kudde.




'n Klipharde bul met goeie bespiering. Baie breed met breë kop en bek. Goeie kloue. Reguit testis met kort skede. Alhoewel sy vel effens geel vertoon maak die swart pigment op daarvoor. Hy behoort donkerder kalwers te teel as wat hy is. Sy ouers was albei donker van kleur. Sy ouma aan vaderskant behoort genoem te word. CRV11-122 was gebruik in ons embrio spoelprogram waarna sy oor 3 jaar na mekaar 'n tweeling gekalf en gespeen het, met 'n kalf speen indeks van 102/9. Sy syfers is bo-gemiddeld deur die bank.